SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation

# JUNIOR

# SPORTSKIET KOMPETISIES 2024: STREEK EN NASIONAAL

# JUNIOR INHOUDSOPGAWE


Junior Skietoefeninge: Universele Reëls ............ 3

Standaarbevele by Junior skietoefeninge ............ 15

Skietbaan Veiligheidsreëls ............ 17

Druklug veiligheidsreëls ............ 18

Juniors (onder 9 jaar) ............ 19

Veerluggeweer: 10 en 15m (JA01) ............ 19

Juniors (onder 13 jaar) ............ 22

Veerluggeweer: 15m (JB01-A) ............ 22

Drukluggeweer: 15m, 20m en 25m (JB01-B) ............ 22

Randslag: 15m, 25m en 50m (JB01-C) ............ 22

Juniors (onder 16 jaar) ............ 26

Veerluggeweer: 15m (JD01:A) ............ 26

Drukluggeweer: 15m, 20m en 25m (JD01:B) ............ 26

Randslag: 15m, 25m en 50m (JD01:C) ............ 26

Juniors (onder 18 jaar) ............ 30

Veerluggeweer: 15m (JC01:A) ............ 30

Drukluggeweer: 15m, 20m en 25m (JC01:B) ............ 30

Randslag: 15m, 25m en 50m (JC01:C) ............ 30

IGRF Presisie (25m) ............ 34

25m Presisie Kleinkaliber (SI01) ............ 34

# JUNIOR SKIETOEFENINGE: UNIVERSELE REËLS

## INHOUDSOPGAWE:


1. Algemeen
2. Skietbaanveiligheidsreëls en Standaardbevele
3. Veiligheid
4. Luggewere
5. Randslaggewere
6. Beskerming, ondersteuning en hulpmiddels
7. Toerusting wat toegelaat word
8. Toerusting wat nie toegelaat word nie
9. Visiere of teleskope
10. Proefskote
11. Inneem van hoër skietposisies en mediese of fisiese beperking
12. Tydperk op die skietpunt vir skuts “om gereed te maak”
13. Deel van wapens deur skuts tydens streek- en nasionale skietkompetisie
14. Hantering van ondiensbare vuurwapen
15. Bystand aan en afrigting van juniors tydens streek of nasionale skietkompetisies
16. Telling
17. Erkenning
18. Gedrag, toerusting, tegnieke of enige iets anders wat nie in die gees van die spesifieke skietoefening is nie
19. Dispuutkomitee
20. Inligtingsessies en opleiding van Baanoffisiere/-beamptes voor skietkompetisie
21. Inligtingsessies van deelnemers voor skietkompetisie
22. Skietposisies

**1. Algemeen:**

1.1 Hierdie dokument (Junior skietoefeninge: Universele Reëls) is van toepassing by alle SAJWV Junior skietoefeninge

1.2 <u>Belangrik</u>: Hierdie Universele Reëls is aanvullend maar vervang nie die spesifieke reëls van elke skietoefening/-dissipline nie – waar daar enige teenstrydigheid/dubbelsinnigheid is geniet die reëls van die spesifieke skietoefening/-dissipline voorkeur.

**2. Skietbaanveiligheid en Standaardbevele**:

2.1 Verwys na "Skietbaanveiligheidsreëls vir deelnemers" en "Standaardbevele vir junior skietoefeninge op die skietbaan" – vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

2.2 **Vertolking van die reëls**: Indien 'n skut/ouer of afrigter onseker is van hulle toerusting of die vertolking van die reëls, kan hulle die organiseerders/baanoffisiere voor die aanvang van die aflossing vra om dit te verduidelik.

**3. Veiligheid:**

Luggewere kan ernstige beserings veroorsaak en moet net soos vuurwapens hanteer word. Hierdie skietoefeninge leer juniors die basiese veiligheidsmaatreëls wat op vuurwapens van toepassing is.

**4. Luggewere:**

Vir standaard SA Jagters junior skietoefeninge sal die skuts na die proefskote geleentheid gegee word om die silinders van drukluggewere te vul en met die gevulde drukluggewere moet die skietoefening voltooi word. Vir Presisie skietoefeninge waar heelwat meer skote geskiet word, sal die skuts toegelaat word om die tydens die rusperiodes die gewere se druklugsilinders te hervul. Hierdie hervulling moet in die voorgeskrewe tyd van die rusperiode afgehandel word, geen ekstra tyd sal daarvoor toegelaat word nie.

**5. Randslaggewere:**

Wanneer 'n skut met 'n randslagwapen deelneem moet die wettige lisensiehouer van die vuurwapen of 'n gevolmagtigde teenwoordig wees.

**6. Beskerming, ondersteuning en hulpmiddels**

6.1 **Oor- en oogbeskerming**

6.1.1 Oorbeskerming is verpligtend vir skuts op die skietpunt en ook vir toeskouers binne 15m van die skietpunt;

6.1.2 Oogbeskerming (skietbrille) is verpligtend vir skuts op die skietpunt en die skut moet deur die bril kyk en die bril moet dus die oë van die skut ten volle beskerm – die gebruik om bo-oor of onder-deur die bril te kyk is nie toelaatbaar nie.

6.2 **Skietstokke en skietrusse (bv Caldwell shooting rest) wat gebruik word in die lêposisie**

Skietstokke moet opvoubaar wees, gemaklik saamgedra kan word en moet onafhanklik op drie bene staan vir stabiliteit – indien skietstokke nie stabiel is nie en omval sal die baanoffisier dit in sy oordeel afkeur en sy besluit is finaal. Skietrusse moet ook drie bene hê. Stokke en skietrusse se gewig word beperk tot 'n maksimum van **2.4 kg**. 'n Haak/stut/verdikking waarop die geweer kan rus mag slegs op een van die bene gebruik word en met maksimum kontakwydte met die geweer van 60mm. 'n Kanaal of ander ondersteuning wat die geweer onafhanklik op een poot of bo-oor 'n driepoot kan ondersteun is nie toelaatbaar nie. Opvoubare Harris-tipe tweepoot aanhegtings mag gebruik word ongeag hulle gewig en kan tussen afstande op dieselfde skietoefening aangesit of afgehaal word. Indien meer as een stel skietstokke gebruik word vir verskillende hoogtes tydens 'n skietkompetisie waar skietstokke

geweeg word, moet elke stel geweeg word. Die skietstok waarmee die skietoefening (bv. al 15 skote) begin word, is die skietstok waarmee die oefening klaargemaak moet word.

6.3 **Skietstoeltjie**
**Die gebruik van 'n skietstoeltjie as alternatief word toegelaat vir alle skuts** wat nie plat op die grond kan (a.g.v. 'n mediese of fisiese beperking) sit nie. Die skietstoeltjie moet draagbaar wees sonder arm- of rugleunings. Sien alternatiewe sitskietposisies met 'n skietstoeltjie hieronder.

**7. Toerusting wat toegelaat word:**

7.1 **Skietbaadjies** is toelaatbaar maar mag nie ondersteuning bied vir die nie-sneller hand of arm nie. Geen bande mag aan die binnekant vasgewerk word nie en die baadjie mag nie op homself kan staan as dit neergesit word nie

7.2 **Skiethandskoene** mag slegs gebruik word waar die skietdissipline dit spesifiek toelaat en dan moet dit lig en buigsaam wees en mag op geen wyse ondersteuning aan die hand en/of gewrig verleen nie;

7.3 Die algemene beginsel vir beide skietbaadjies en handskoene is dat dit slegs beskerming moet bied aan die skut teen koue, ruwe oppervlaktes ens. en in die geval van skiethandskoene ook vir 'n beter greep waar nodig, maar dit mag absoluut geen ondersteuning vir die hand of gewrig bied nie.

7.4 **"*Spotting scopes*" -** die gebruik van 'n addisionele "*spotting scope*" deur die skut, word toegelaat;

7.5 **Knaldempers** op gewere word toegelaat

7.6 **Ballistiese programme** op tablette of selfone word toegelaat.

**8. Toerusting wat nie toegelaat word nie:**

8.1 **Vol outomatiese gewere en -handwapens** word nie toegelaat nie.

8.2 **Geweerbande** word nie toegelaat nie

8.3 **Windmeters** word nie toegelaat nie

8.4 **Trompremme (*muzzle brakes*) en tromprem/knaldemper kombinasies op vuurwapens** word nie toegelaat nie tensy die skietdissipline se reëls dit toelaat. Trompremme en tromprem/knaldemper kombinasies op vuurwapens is 'n probleem (dit veroorsaak hoë vlakke van ongerief in terme van klank, "muzzleblast" en dikwels stof) vir naburige skuts.

8.5 **Kolfhakke** aan gewere word nie toegelaat nie



Kolfhakke wat addisionele ondersteuning bied, word nie toegelaat nie

**8.6** **Die gebruik van optiese toerusting soos** verkykers, teleskope of "spotting scopes" deur helper/afrigter en/of toeskouers op of langs die skietbaan word nie toegelaat na die proefskote afgehandel is nie.

**9. Visiere of teleskope**

9.1 'n Laser wat op die teiken projekteer word nie toegelaat nie.

9.2 Die volgende visiertipes word toegelaat:

 Elektroniese optiese visier  Gaatjievisier  Oop visier  Teleskoop

**10.**

Nadat die skietpunt oopgestel is kry skuts 5 minute vanaf die verste afstand om 'n onbeperkte aantal proefskote te skiet en wapens te bevestig. Proefskote mag slegs links en regs bo op die inskietdiagramme geskiet word. Na afloop van proefskote bevestig die baanoffisier dat geen dwaalskote op teldiagramme geskiet was nie. Indien wel, moet die Baanoffisier die dwaalskote duidelik merk of toeplak om verwarring met telskote te verhoed. Skuts mag proefskote skiet wanneer die afstande verander maar geen ekstra tyd word daarvoor toegelaat nie.

**11. Inneem van 'n hoër skietposisie en mediese of fisiese beperking**

Indien 'n skut nie 'n voorgeskrewe posisie **kan** (a.g.v. 'n mediese of fisiese beperking) of **wil** (a.g.v. voorkeur) inneem nie, mag die skut 'n hoër posisie inneem, maar die hoër posisie mag nie beter ondersteuning as die laer posisie geniet nie. Die skietposisies is van laagste (lê) na hoogste (staan) in die volgende volgorde: lê, sit-, kniel- en staanposisie. Die baanoffisier moet so 'n skut, akkommodeer na gelang van omstandighede, sonder om hom of haar 'n onregverdige voordeel te bied en sonder om veiligheid op te offer. Indien 'n skut twyfel in die verband moet hy/sy voor die aflossing begin skiet aan die baanoffisier rapporteer, wat dan 'n beslissing sal maak en die ander skuts in die aflossing sal inlig indien enige ander vergunning toegestaan word.

**12. Tydperk op die skietpunt vir skuts "om gereed te maak"**

Na die bevel "neem skietposisie in" gegee is, het skuts tyd soos toegelaat per skietdissipline om voor te berei vir die skietoefening. Die tyd kan verkort word mits al die skuts aangedui het dat hulle gereed is. Hierdie reël het die doel om onnodige verspeling van tyd deur skuts op die skietpunt, te beperk.

**13. Deel van vuurwapens deur skuts tydens streek- en nasionale skietkompetisies**

13.1 Die volgende algemene voorwaardes geld vir die deel van wapens:

13.1.1 Die persone wat 'n geweer deel moet in aparte aflossings skiet om enige ongerief vir die ander skuts in 'n aflossing te verhoed;

13.1.2 Die praktyk om in dieselfde aflossing op elke afstand eers die een skut en dan die ander skut te laat skiet met dieselfde vuurwapen terwyl die res van die aflossing moet wag vir die tweede skut word nie toegelaat nie;

13.1.3 Die verantwoordelikheid berus by die skuts wat die wapen deel om te verseker dat hulle die organiseerders by voor-af registrasie reeds in kennis stel watter persone die wapen deel om te verseker dat die administrateurs van die kompetisie hulle betyds in aparte aflossings indeel.

**14. Hantering van 'n ondiensbare vuurwapen**

'n Skietoefening moet met een vuurwapen voltooi word. Geen deelnemer mag sy vuurwapen wissel met 'n ander vuurwapen gedurende 'n skietoefening nie. 'n Vuurwapen wat ondiensbaar raak a.g.v. 'n onderdeel wat breek of onklaar raak en nie doelbewus deur die skut veroorsaak is nie mag wel vervang word met 'n tweede soortgelyke wapen sonder om die skietoefening se vloei te onderbreek in die Baanoffisier se oordeel.

Die Baanoffisier moet bevestig dat die vuurwapen wel ondiensbaar is alvorens die skut toegelaat word om 'n nuwe wapen te gebruik. 'n Ondiensbare vuurwapen is 'n wapen wat nie gelaai, ontlaai of afgevuur kan word op 'n normale wyse nie en potensieel gevaarlik kan wees vir die skut en omstanders. 'n Vuurwapen wat geval het of gestamp is en die visiere of teleskoop

is sodanig beskadig dat die Baanoffisier dit visueel kan waarneem word ook as ondiensbaar geklassifiseer. Ander voorbeelde van ondiensbare wapens is: ‘n dop wat in die kamer vassit of afgebreek het of ‘n sneller wat onverwags “lig” afgaan wanneer die grendel gesluit word.

Die skut moet toestemming vra en kry by die Baanoffisier om ‘n tweede vuurwapen te gebruik. Bv. 22 Randslag dop sit vas in die kamer met die skut se tweede skoot van die sarsie, die skut vestig die Baanoffisier of Baanbeampte se aandag op die probleem. Die Baanoffisier bevestig dat die vuurwapen ondiensbaar is en die skut kry toestemming om vir die oorblywende oefeninge ‘n ander geweer te gebruik. Indien die dop in die oordeel van die Baanoffisier veilig verwyder kan word, word dit ook toegelaat. Die skote nie geskiet word verbeur vir tellingdoeleindes. Enige skoot wat tydens die skietoefening in ‘n veilige rigting afgevuur is, al het die skoot afgegaan as gevolg van bv. ‘n foutiewe sneller, sal vir telling doeleindes as ‘n kwalifiserende skoot beskou word.

Twee skuts mag nie dieselfde vuurwapen in dieselfde aflossing gebruik indien ‘n vuurwapen ondiensbaar raak nie. Hierdie is ‘n praktiese reëling om die ontwrigting van die ander skuts te verhoed.

**Snellerdruk**: daar is geen beperking op snellerdruk nie, maar dit is die skut se verantwoordelikheid om te verseker dat die snellerdruk op sy vuurwapen veilig is. Nalatige, voortydige (vroeë) en laat afvuur van skote en optrede teen skuts word hanteer in item 18.4.

**15. Bystand aan en afrigting van juniors tydens ‘n skietkompetisie:**

15.1 Juniors onder 9 en onder 13 jaar: Slegs een helper/afrigter per skut mag help laai tydens ‘n skietkompetisie. Na die proefskote afgehandel is mag daar geen kommunikasie wees tussen die helper/afrigter en/of toeskouers en die skut nie. Die helper/afrigter mag slegs bystand verleen, geen afrigting mag plaasvind nie (bv mag nie visiere stel of raad gee oor verstellings nie) en is onderhewig aan die skietbaanreëls. Die helper moet langs die skut staan wanneer hy/sy die luggeweer knak en nie agter die skut nie met die loop wat te alle tye in ‘n veilige rigting wys. Tydens die proefskote kan die helper die skut bystaan tussen skote, maar waneer die skietoefening begin moet die helper na elke skoot gelaai is terugstaan tot agter die baanoffisiere/-beamptes of soos die skietbaan uitleg dit toelaat.

15.2 Juniors onder 16 en onder 18 jaar: Geen afrigting mag tydens ʼn skietkompetisie plaasvind nie en geen helpers word toegelaat nie. Die skut moet onafhanklik kan funksioneer tydens die skietkompetisie. Die baanoffisier sal enige probleme hanteer en dienooreenkomstig optree. Geen kommunikasie tussen die toeskouers en die skut sal toegelaat word nie.

15.3 Skuts/ouers of afrigters wat hierdie reëls die eerste keer oortree, kry ʼn waarskuwing. Indien die skut/ouer of afrigter die oortreding herhaal sal die baanoffisier die skut diskwalifiseer.

15.4 Dit is belangrik dat die geweer geskik is vir gebruik deur die junior en moet in die skouer pas soos voorgeskryf. Die geweer moet dus nie te swaar, die kolf te lank of op enige ander wyse onhanteerbaar wees nie.

**16. Telling**

16.1 **Skote op die verkeerde teiken -** Indien iemand op jou teiken skiet, verklaar dit onmiddellik aan die Baanoffisier wat na die voltooiing van die skietoefening die probleem sal hanteer.

Die baanoffisier moet probeer vastel watter skut, links of regs dan die rondte gevuur het en hy sal dan sy punt verbeur. Die skut kry dan die voordeel en verloor nie sy hoogste telling nie. Indien ʼn skut sien dat hy op ʼn verkeerde teiken geskiet het, moet hy dit onmiddellik aan die

baanoffisier verklaar. Die baanoffisier en die skut sal na voltooiing van die skietoefening saam vorentoe gaan en die skoot identifiseer. Die oortreder sal sy telling verbeur.

16.2 ‘n skoot buite die tel-area van die teldiagram, kry die skut ‘n nul telling;

16.3 Indien daar meer as vyf telskote per teldiagaram geskiet is, word die skut met die hoogste tellings gepenaliseer vir die aantal skote te veel op die diagram

16.4 **Lynskote -** Indien ‘n skoot ‘n lyn tussen twee aangrensende tel-areas op die teiken raak, kry die skut die voordeel van die hoër telling. Die lyn moet net geraak wees en hoef nie heeltemal gebreek te wees nie. Geen koeëls of ander voorwerpe mag in die gat gedruk word nie.

16.5 **Kaliber meetplaatjie -** Indien daar twyfel bestaan moet ‘n SAJWV Sportskiet kaliber meetplaatjie (*caliber gauge*) gebruik word om te bepaal of ‘n skoot die lyn raak of nie. Die lyne van die sirkels op die kaliber meetplaatjie vir die verskillende kalibers se buitedeursnee is kalibergrootte en indien die lyn van die sirkel wanneer gesentreer oor die koeëlgat, die lyn op die teiken raak, dan word die telling bepaal as ‘n skoot wat die lyn raak. Die skut of die baanoffisier/-beampte moet die kaliber van sy geweer op die teiken aanteken om die bepaling van lynskote moontlik te maak.

16.6 **Fotos met Sellulêre telefone** – indien daar twyfel bestaan oor twee, drie of meer skote deur dieselfde gat in die teiken, word die gebruik van ‘n selfoonfoto aanbeveel wat vergroot kan word as bystand om die besluit te neem.

16.7 **Skoot na die tyd geskiet -** Indien ‘n skoot ná die bevel “stop” geskiet word, verloor die skut die hoogste punt op die teiken.

16.8 **Uittel van wenners met gelyke tellings tydens skietkompetisie**

16.8.1 stap 1 – gebruik die aantal x om uit te tel per skietoefening, daarna

16.8.2 stap 2 – gee meer waarde aan die skietoefening op die langste afstand indien gelyke totale wedstrydtellings, indien van toepassing

**17. Erkenning**

Slegs die eerste skietoefening op ‘n dag kwalifiseer as ‘n erkende kwalifiserende telling vir registrasie (op die taktablet) en ‘n moontlike skietbalkie – ‘n tweede en daaropvolgende pogings se resultate geld nie. Dit geld ook vir streek en nasionale skietkompetisies behalwe waar die skietoefening spesifiek anders spesifieer.

**18. Gedrag, toerusting, tegnieke of enige iets anders wat nie in die gees van die spesifieke skietoefening is nie -** Enige gedrag, toerusting, tegnieke of enige iets anders wat volgens die baanoffisier nie in die gees van ‘n spesifieke skietoefening is nie, onveilig is of ander skuts verontrief mag deur die Baanoffisier verbied word. Indien daar twyfel in die verband bestaan, moet dit met die Dispuutkomitee uitgeklaar word.

**18.1 Selfoonprotokol op die skietpunt –** Alle skuts en Baanoffisiere/-beamptes se selfone/tablette moet op “silent” wees tydens skietaktiwiteite. Skuts mag nie oor selfone gesels nie. Baanoffisiere/-beamptes mag slegs selfone gebruik vir amptelike funksies soos bv. die neem van fotos of die hou van tyd. Geen ander gebruike van selfone wat Baanoffisiere/-beamptes se aandag aftrek van hul funksies/verantwoordelikhede word toegelaat nie.

**18.2 Nie-rook areas –** skietpunte tot en met 10m agter die skietpunt en veiligheidsareas is nie-rook areas tydens skietaktiwiteite.

**18.3 Kleredrag –** Skuts se kleredrag moet van so ‘n aard wees dat dit nie ‘n verleentheid vir ander skuts, toeskouers en baanoffisiere/-beamptes skep nie, en die oordeel van die

hoofbaanoffisier in die verband is finaal. Die skut sal deur die hoofbaanoffisier versoek word om die kleredrag reg te stel alvorens die skietoefening begin of om die skietbaan te verlaat. Indien die skut verkies om die skietbaan te verlaat sal dit as ‘n diskwalifikasie aangeteken sal word.

**18.3 Spesifieke reëls i.v.m. toerusting:** Die volgende spesifieke reëls geld in verband met toerusting op die skietbaan waar van toepassing:

18.3.1 Geen harde oppervlakte soos ‘n houtplank, plastiek- of metaalplaat ens. is toelaatbaar op die skietpunt as rus vir skietstok of Harris tipe “bi-pod” of “monopod” nie. Die skietmat moet buigbaar en opvoubaar wees;

18.3.2 Die skietmat of geweersak mag verder gebruik word in die sit of knielposisie om ‘n sagte oppervlakte vir beskerming te skep om op te sit of te kniel (bv. onder die knieë), maar dit mag nie gebruik word vir ondersteuning of om die wapen of enige deel van die liggaam te stut nie.

18.3.3 ‘n Normale skut (geen ligaamlike beperking) se toerusting moet van so ‘n aard wees dat hy/sy in staat is om self al sy toerusting vir een skietoefening op die skietbaan te dra van een skietpunt na die volgende, behalwe vir o/9 en o/13 waar dit wel toegelaat word. ‘n Ingeperkte skut kan deur ‘n helper bygestaan word.

18.4 **Dissiplinêre optrede teen skuts wat veiligheids-, skietoefening- of kompetisiereëls oortree of hom/haar nie aan die bevele van die Baanoffisier onderwerp nie – verwys na item 15 van die Handleiding vir Baanoffisiere:**

18.4.1 Onveilige optrede deur ‘n skut – in die geval van onveilige optrede deur ‘n skut, maak die Baanoffisier die besluit en sy beslissing is finaal;

18.4.2 Die volgende oortredings moet in die oordeel van die Baanoffisier op die telkaart aangeteken word as “voorlopig” met ‘n beskrywing van die oortreding en verwys word na die Dispuutkomitee vir ‘n beslissing:

18.4.2.1 oortreding van ‘n skietoefening- of kompetisiereël en/of

18.4.2.2 doelbewuste oortreding van kompetisiereëls deur ‘n skut om hom/haarself te bevoordeel.

18.5 **Nalatige, voortydige (vroeë), en laat afvuur van ‘n skoot en optrede teen ‘n skut.**

18.5.1 Die volgende definsies word aangehaal uit die SA Jagters Baanoffisierhandleiding:

18.5.1.1 Item 2.5: **Nalatige afvuur van ‘n skoot** - is die afvuur van ‘n skoot, of ‘n besering veroorsaak is al dan nie, wat gebeur terwyl die skietbaan veilig is, m.a.w. voor die Baanoffisier die skietbaan as “gesluit” verklaar het of na die Baanoffisier die skietbaan as “veilig” verklaar het;

18.5.1.2 Item 2.6: **Voortydige (vroeë) afvuur van ‘n skoot** – is die afvuur van ‘n skoot wat gebeur tussen die Baanoffisier se bevel “die baan is gesluit” en die bevel om te begin skiet, of dit gegee word deur ‘n fluitjie te blaas of die bevel “vuur”!;

18.5.1.3 Definisie van nuwe item: **Laat afvuur van ‘n skoot** – is enige afvuur van ‘n skoot wat gebeur na die Baanoffisier se bevel “stop” en voor die bevel “ontlaai, maak veilig”

18.5.2 **Optrede teen skut in die geval van:**

18.5.2.1 ‘n **Nalatige skoot** – die skut word dadelik gediskwalifiseer en moet sy wapen veilig maak op bevel van die Baanoffisier en die skietpunt verlaat.

Die skut mag aan geen verdere skietaktiwiteite vir die dag deelneem nie en geen telling word vir die dag geregistreer nie – dit geld by skietaktiwiteite op tak-, streek- en nasionale vlak en die Baanoffisier moet ‘n “Verslag van Insidente” voltooi en volgens voorskrifte indien.

18.5.2.2 ‘n **Voortydige (vroeë) skoot** – die Baanoffisier sal oordeel of die skoot ‘n veiligheidsoortreding was al dan nie. Eerste voorbeeld: Indien die skoot geskiet is na die bevel “almal is gereed – staan by” en die skoot is veilig in die skietwal vasgeskiet, verbeur die skut daardie skoot en die punte wat dit potensieel kon verteenwoordig. Tweede voorbeeld: Indien die skoot geskiet is voor die bevel “almal is gereed – staan by” word die prosedure soos in item 18.4 vir nalatige skote gevolg: die skut word dadelik gediskwalifiseer en moet sy wapen veilig maak op bevel van die Baanoffisier en die skietpunt verlaat. Die skut mag aan geen verdere skietaktiwiteite vir die dag deelneem nie en geen telling word vir die dag geregistreer nie – dit geld by skietaktiwiteite op tak-streek- en nasionale vlak en die Baanoffisier moet ‘n “Verslag van Insidente” voltooi en volgens voorskrifte indien.

18.5.2.3 ‘n **Laat skoot** – met die laat afvuur van ‘n skoot wat veilig in die skietwal vasgeskiet is verbeur die skut daardie skoot en die 10 punte wat dit potensieel kon verteenwoordig.

19. ‘n **Dispuutkomitee** bestaande uit ten minste 3 lede moet saamgestel word - verwys na “Dispuutkomitee en – proses”

**20. Inligtingsessies (*briefing sessions*) ter voorbereiding van Baanoffisiere/beamptes vir skietkompetisies**

**Belangrik:** Indien daar voor ‘n kompetisie enige twyfel bestaan oor die detail kennis van baanoffisiere/ beamptes oor onderstaande reëls, dan moet die Hoofbaanoffisiere vooraf (nie die oggend van die kompetisie nie) ‘n opleidingsessie reël om te verseker dat die baanoffisiere en -beamptes die reëls ken en verstaan. Baanoffisiere wat onseker is oor reëls op die dag van die skietkompetisie dra by tot verwarring, frustrasie en ontevredenheid by skuts.

20.1 Bevestig dat baanoffisiere elkeen ‘n kopie van die volgende in sy besit het en detail kennis van die volgende reëls het:
20.1.1 Junior skietoefeninge: Universele Reëls
20.1.2 Spesifieke skietdissipline/-oefeningreëls vir die dag:

20.2 Bevestig die hantering van skuts wat reëls oortree en die gepaste optrede deur die baanoffisier – verwys na item 15 van die Handleiding vir Baanoffisiere vir “Prosedures i.v.m. die oortreding van kompetisie- en/of veiligheidsreels” en item 15.3 van die Junior skietoefeninge: Universele Reëls vir skietoefeninge.
20.2.1 Die Baanoffisier **is die verantwoordelike persoon, het die finale gesag op die skietbaan en dit is sy plig** om teen onveilige en ongehoorsame deelnemers op te tree.
20.2.2 Opdragte van Baanoffisiere moet onvoorwaardelik en onmiddellik uitgevoer word.
20.2.3 Baanoffisiere moet uiteraard te alle tye redelik en professioneel optree, maar hulle moet nie huiwer om op te tree as daar oortreding van veiligheidsreëls, skietoefening- of skietkompetisie- reëls deur ‘n deelnemer is nie.
20.3 Bespreek tipiese gevalle van reëls wat skuts gereeld oortree om die baanoffisiere voor te berei waarvoor hulle moet oplet, maar nie beperk daartoe nie:

**21. Inligtingsessies (*briefing sessions*) van deelnemers voor ‘n skietkompetisies**

21.1 Verduidelik die dagprogram en reëlings i.v.m. bv. die invul van vrywaringsvorms, inskiet van wapens, verversings, waar noodhulp beskikbaar is, ens.
21.2 Bevestig dat skuts die volgende reëls ken en antwoord enige vrae in die verband wat nodig mag wees;
21.2.1 Junior skietoefeninge: Universele Reëls
21.2.2 skietbaan veiligheidsreëls;
21.2.3 skietoefeninge- en skietkompetisiereëls;

21.2.4 vestig die skuts se aandag daarop, dat indien hy/sy op enige stadium twyfel oor enige van bogenoemde, die skut die baanoffisier/beampte moet vra vir die nodige inligting;

21.3 Samestelling van die Dispuutkomitee (wie is die persone wat op die Dispuutkomitee dien) en hoe hantering van dispute op die dag hanteer sal word.

21.4 Bevestig die hantering van skuts wat reëls oortree en die gepaste optrede deur die baanoffisier – verwys na item 18.4 van die Junior skietoefeninge: Universele reëls vir skietoefeninge:

21.4.1 Die Baanoffisier **is die verantwoordelike persoon, het die finale gesag op die skietbaan en dit is sy plig** om teen onveilige en ongehoorsame deelnemers op te tree.

21.4.2 Opdragte van die Baanoffisier moet onvoorwaardelik en onmiddellik uitgevoer word.

21.5 Bespreek tipiese gevalle van reëls wat skuts oortreë, maar nie beperk daartoe nie:

**22. Skietposisies:**

22.1 **Lêposisie**

22.1.1 **Lêposisie met beperkte ondersteuning slegs voor -** skietstokke met 'n enkele steunpunt, 'n Harris-tipe tweepoot of 'n driepoot-rus moet die geweer slegs voor die snellerbeuel ondersteun. Die skut se nie-sneller hand moet die geweer voor die snellerbeuel vashou. Die geweer, enige hand, pols of voorarm mag nie aan die grond of enige ander voorwerp (bv. een poot van die skietstok) raak nie.




**Foute:** Die ondersteunende hand moet die geweer voor die snellerbeuel vashou en nie aan die skietstok raak nie

22.2 **Sitposisie**

22.2.1 **Vryhand sitposisie sonder enige bykomende ondersteuning – die** skut se sitvlak ondersteun sy gewig. Geen deel van bene mag aan die grond of enige ander kunsmatige hulpmiddel raak nie. Die bene mag in die oop of gekruisde posisie wees, die enkels en kuite mag op die skut se skoene rus wanneer die bene gekruis word. Die skut mag sy geweer op enige gemaklike manier vashou op voorwaarde dat hy die geweer in die skouer of armholte of teen die bo-arm (biseps) hou.








22.2.2 **Sitposisie met beperkte ondersteuning slegs voor** – skietstokke met 'n enkele steunpunt mag die geweer slegs voor die snellerbeuel ondersteun en daar mag nie met enige deel van die liggaam, hande, arms, bene ens. teen die been/bene van die skietstok geraak word nie. Die skut se sitvlak ondersteun sy gewig. Geen deel van bene mag aan die grond of enige of enige ander kunsmatige hulpmiddel raak nie. Die bene mag in die oop of gekruisde posisie wees, die enkels en kuite mag op die skut se skoene rus wanneer die bene gekruis word. Die skut mag sy geweer op enige gemaklike manier vashou op voorwaarde dat hy die geweer in die skouer of armholte of teen die bo-arm (biseps) hou.












**Foute:** Die ondersteunend hand of lyf mag nie aan die skietstok raak nie en die geweersak of enige ander voorwerp mag nie onder die been vir ondersteuning gebruik word nie

## 22.3 Knielposisie

22.3.1 **Vryhand knielposisie sonder enige bykomende ondersteuning -** geen deel van die liggaam mag aan die grond of enige ander voorwerp raak nie behalwe een voet en die ander been vanaf die knie na onder. Die skut mag die voet waarop hy sit, plat draai.

Die voorste elmboog mag op die knie rus. Die skut mag ook met beide knieë op die grond kniel maar mag nie op sy voete/kuite rus/sit nie.










**Fout:** die skut mag nie op albei voete/kuite sit nie

22.3.2 **Knielposisie met beperkte ondersteuning slegs voor** - skietstokke met ‘n enkele steunpunt of ’n Harris-tipe tweepoot mag die geweer slegs voor die snellerbeuel ondersteun en daar mag nie met enige deel van die liggaam, hande, arms, bene ens. teen die been/bene van die skietstok geraak word nie. Die nie-snellerhand mag die geweer voor of agter die snellerbeuel ondersteun. Skietstokke met ’n enkele steunpunt of ’n Harris-tipe tweepoot mag die geweer slegs voor die snellerbeuel ondersteun. Geen liggaamsdeel, (bv. arms of bene) mag aan die poot/pote van die skietstokke raak nie. Geen deel van die liggaam mag aan die grond of enige ander voorwerp raak nie behalwe die een voet en die ander been van die knie af na onder.

Die skut mag die voet waarop hy/sy sit, plat draai. Die voorste elmboog mag op die knie rus. Die skut mag met beide knieë op die grond kniel maar mag nie afsak en op sy voete/kuite sit nie.










**Fout:** die skut mag nie op albei voete/kuite sit nie

### 22.4 Staanposisie

22.4.1 **Vryhand staanposisie sonder enige bykomende ondersteuning -** geen bykomende ondersteuning (bv. skietstokke en geweerbande) word toegelaat nie. Die skut mag die vryhand staanposisie inneem soos dit hom/haar pas. Vanuit die vryhand staanposisie kry die skuts die bevel "*Almal is gereed – sluit grendel en staan by*" en wag op die bevel "*vuur*" met die snellervinger langs die snellerbeuel, die geweerloop ongeveer 45 grade na die grond gerig en die tromp (punt) van die geweerloop wat nie hoër as die skut se lyfband mag wees nie. Hierdie posisie geld vir alle geweerskietoefeninge in die vryhand staanposisie.










Rusposisie tussen telskote word toegelaat

22.4.2 **Staanposisie met beperkte ondersteuning slegs voor** - skietstokke met 'n enkele steunpunt mag die geweer slegs voor die snellerbeuel ondersteun en daar mag nie met enige deel van die liggaam, hande, arms, bene ens. teen die been/bene van die skietstok geraak word nie.













**Fout:** mag nie met enige deel van die liggaam aan die skietstokke raak nie

# STANDAARDBEVELE BY JUNIOR SKIETOEFENINGE

**Geen skuts of toerusting op die skietpunt alvorens die Baanoffisier die opdrag gee:**

*1.* “*Skuts na die skietpunt. Vuurwapens bly in sakke of tasse tot verdere bevele*”.

2. “*Die baan is gesluit (toe)”.*

3. Die Baanoffisier of -beampte besoek elke skut individueel en beveel: *“Haal uit, verklaar en wys veilig*”.

3.1 Veerlugggewere: geweer geknak om kamer te wys, nie oorgehaal nie, geen koeël in kamer nie

3.2 Drukluggewere: aksie oop, die magasyn verwyder of leeg en geen koeël in kamer nie

3.3 .22 Randslag grendelaksie gewere en .22 Randslag semi- outomatiese gewere: aksie oop, die magasyn verwyder of leeg en geen patroon in kamer nie

4. Baanoffisier verduidelik skietoefening/inskietoefening en allokeer ‘n teiken aan elke skut op die skietpunt.

5. “*Neem skietposisie in en verstel visiere/teleskope*”

6. “*Oog- en oorbeskerming*”

7. “*Laai en maak gereed*”

Gereedposisie:

7.1 Veerlugggewere: geweer gereed met koeël in kamer, vinger langs die snellerbeuel.

7.2 Drukluggewere, 22 Randslag grendelaksie gewere en 22 Randsalg semi- outomatiese gewere: magasyn gelaai.

8. “*Is almal gereed*?” – skuts wat nie gereed is nie moet aanduiding gee.

9. “*Die aflossing is nog nie gereed nie*” – indien so aangedui.

10. “*Almal is gereed – sluit grendel en staan by*” – met die snellervinger langs die snellerbeuel

11. “*Blaas fluitjie*” of gee bevel “*vuur*” (tydens inskietoefening mag skut vuurwapens omruil binne tyd van oefening)

11.1 Veerlugggewere: haal geweer oor, plaas koeël in die kamer, met die geweer gerig op die teiken, sluit die aksie en skiet

11.2 Drukluggewere, 22 Randslag grendelaksie gewere en 22 Randslag semi- outomatiese gewere: met die geweer gerig op die teiken, sluit die aksie en skiet

12. Na verloop van voorgeskrewe tyd: Blaas fluitjie of gee bevel “*stop*”

13. “*Ontlaai, maak veilig*” - Na die proses van ontlaai en veilig maak, mag die skut die vuurwapen neersit met die loop in ‘n veilige rigting gerig, maar hy moet by sy geweer bly en wag vir sy inspeksie

14. In gevalle waar slegs van skietposisie op dieselfde afstand verander word, word bevele vanaf punt 4 herhaal.

15. Voordat na ‘n volgende skietpunt beweeg word, beweeg Baanoffisier of -beampte na elke skut en beveel: “*wys veilig*” en daarna “*pak weg*” – vuurwapen word met oop of toe aksie met die slagpen ontspan in sak of tas gebêre. Vir drukluggewere sluit die aksie en met die loop gerig in ‘n veilige rigting vuur die droë skoot en plaas die wapen in sak of tas.

16. Na alle vuurwapens geïnspekteer is verklaar Baanoffisier: “*Die baan is veilig, tel doppies op en beweeg na volgende skietpunt”*

17. Op opvolgende skietpunte van dieselfde skietoefening word die bevele vanaf punt 4 herhaal.

18. Na afloop van skietoefening moet vuurwapens veilig in sakke / tasse geplaas word, voordat tellings geneem of terug na die aanvanklike skietpunt geloop word.

**Notas:**

1. In geval van noodtoestand – “*STAAKVUUR, STAAKVUUR, STAAKVUUR*!” of met lang fluitjie blaas

2. Baanoffisier mag oorblywende tydsintervalle uitroep indien versoek word

# SKIETBAAN VEILIGHEIDSREËLS

**SKIETBAAN VEILIGHEIDSREËLS:**

1. Die Baanoffisier het die finale gesag op die skietbaan en het die reg om teen onveilige en ongehoorsame deelnemers op te tree.
2. Opdragte van die Baanoffisier moet onvoorwaardelik en onmiddellik uitgevoer word.
3. Deelnemers is onderhewig aan die betrokke skietbaan se reëls en moet die Baanregister en die Vrywaringsvorm teken.
4. Geen persoon onder die invloed van alkohol of narkotiese middels mag die skietbaan betree nie.
5. Geen alkohol mag tydens die skietoefening op die skietbaan gebruik word nie.
6. Vuurwapens moet ongelaai op die skietbaanterrein arriveer in ‘n doelgemaakte sak of tas.
7. Vuurwapens mag net uit ’n sak of tas gehaal word in direkte opdrag van die Baanoffisier op die skietpunt en die lope moet dan te alle tye in ‘n veilige rigting gerig wees.
8. Vuurwapens mag nie op die skietpunt hanteer word terwyl enige persoon voor die skietpunt is nie.
9. Deelnemers/ouer/helper of afrigter wat ‘n handwapen aan hulle liggaam dra moet dit aan die Baanoffisier of –beampte verklaar, onder toesig veilig maak op die skietpunt en weer terugplaas in die holster aan sy liggaam. Die handwapen mag slegs weer gelaai word na die skut/ouer/helper of afrigter die skietbaan verlaat het en op pad uit die skietbaanterrein is.
10. Veilig verklaarde vuurwapens moet in sakke of tasse wees tydens beweging tussen skietpunte.
11. Gehoor- en oogbeskerming is verpligtend.
12. Toeskouers en wagtende deelnemers moet ten minste 10m agter die skietpunt wees, of buite die sigveld van die Baanoffisier. Voorts moet hulle gehoorbeskerming dra en stil wees terwyl geskiet word.

# DRUKLUG VEILIGHEIDSREËLS

**DRUKLUG VEILIGHEIDSREËLS I.V.M. DIE HANTERING VAN DUIKSILINDERS VIR HERVULLING VAN DRUKLUGGEWERE EN DRUKLUGGEWEER SILINDERS:**

1. Duiksilinders vir die hervulling van drukluggewere moet elke 2 jaar geïnspekteer word, waarvan elke tweede inspeksie (elke vierde jaar) ‘n hidrostatiese toets moet wees. Slegs silinders wat die nodige inspeksies slaag, en ‘n plakker of stempel het om dit te bewys, mag vir hervulling van luggewere gebruik word;
2. Silinders vir die hervulling van luggewere moet in ‘n raam of trollie wees, en die raam of trollie moet die “kop” van die silinder beskerm;
3. Geen silinder met meer as die toegelate druk (200bar of 300bar afhangende van die silinder) mag vir hervulling gebruik word nie;
4. Geen silinder mag hoër as die heup gedra word by ‘n SAJWV skietgeleentheid op tak, streek en nasionale vlak nie.
5. Drukluggeweer silinders se lewensduur is slegs 10 jaar. Drukluggewere moet elke 10 jaar vir inspeksie by ‘n gerespekteerde handelaar gaan, waartydens daar ‘n sertifikaat of brief uitgereik moet word met ‘n vervangingsdatum van die silinder. Hou asb die sertifikaat of brief by die geweer indien dit nagegaan moet word. Die inspeksie van drukluggewere soos hier beskryf, vir gebruik by die SAJWV moet op datum wees.
6. Dit bly die ouer of voog se verantwoordelikheid om seker te maak dat daar aan die bostaande vereistes voldoen word en dit kan wel en kan op tak-, streek- en nasionale vlak nagegaan word. Indien daar nie aan die vereistes voldoen word nie, kan die drukluggeweer of duiksilinder se gebruik verbied word op SAJWV skietbane.
7. ‘n Veilige hervulpunt, gewoonlik heel voor op die skietbaan, sal deur die Hoofbaanoffisier aangewys word en drukluggewere moet daar gevul word, met die loop van die geweer wat ten alle tye in ‘n veilige rigting wys. Slegs een geweer mag op ‘n slag per hervulpunt gevul word, met ‘n maksimum van twee hervulpunte per skietbaan, ten minste 20m uitmekaar. Let daarop dat oog- en oorbeskerming verpligtend is tydens die vul van drukluggewere en dat daar ‘n Baanoffisier teenwoordig moet wees ten tye van hervulling.
8. Silinders moet na vulling ten minste 15 meter agter die skietpunt neergesit word en mag nie tussen toeskouers wees nie. Silinders moet so ver moontlik nie in direkte sonlig neergesit word nie.

# JUNIORS (ONDER 9 JAAR)

## VEERLUGGEWEER: 10 EN 15M (JA01)

| MEDALJES | |
|---|---|
| **STREEK** | **NASIONAAL** |
| | |

**1. Inleiding**

Die doel van hierdie skietoefening is om aan juniors jonger as 9 jaar die geleentheid te bied om aan gestruktureerde skietoefeninge binne die SAJWV deel te neem en op gelyke basis mee te ding. Veilige wapenhantering en basiese skietposisies word beklemtoon in die skietoefening.

**2. Streekvlak**

Om te kwalifiseer vir SAJWV streek sportskietkleure moet ‘n junior aan ten minste een streekskietkompetisie deelneem en die kwalifiserende skietoefening eenkeer skiet by ’n geregistreerde SAJWV streekskietkompetisie en ‘n minimum telling van 135 uit 150 (90%) behaal.

**3. Nasionale vlak**

3.1 Deelname: ‘n Junior wat op streekvlak aan ‘n geregistreerde sportskietoefeninge van die SAJWV deelgeneem het, en die Top 50 streekranglys haal, word na die nasionale juniorkampioenskappe genooi om deel te neem in die skietoefening waarin hy/sy gekwalifiseer het.

3.2 Kleure: Deelnemers moet die skietoefening tweekeer skiet en indien ’n minimum telling van 120 uit 150 punte (80%) per oefening en ‘n minimum totale telling van 255 uit 300 punte (85%) vir die twee oefeninge gesamentlik behaal word, verwerf die skut:

3.2.1 SAJWV nasionale sportskietkleure: indien streekkleure vir die betrokke jaar reeds verwerf is;

3.2.2 SAJWV streek sportskietkleure: indien streekkleure nie reeds vir die betrokke jaar verwerf is nie.

**4. Ouderdom**

Om te kwalifiseer as ’n junior (o/9) moet die junior op 1 Januarie nog nie 9 jaar oud wees nie en mag dan vir die res van die betrokke jaar deelneem aan die junior (o/9) skietoefening.

‘n Junior (o/9) mag aan die skietoefeninge van die Juniors (o/13) deelneem indien die junior ervare en sterk genoeg is om sonder fisiese hulp die wapen veilig te kan hanteer. Dit is belangrik dat die geweer geskik is vir gebruik deur die junior en moet in die skouer pas soos voorgeskryf. Die geweer moet dus nie te swaar, die kolf te lank of op enige ander wyse onhanteerbaar wees nie en die junior ding mee volgens die o/13 skietreëls. Die besluit of die junior aan die vereistes voldoen sal deur die baanoffisier geneem word en sy besluit is finaal.

**5. Vuurwapentipe en kalibers**

Vir hierdie skietoefening word veerluggewere van 4.5mm tot 5,5mm toegelaat.




**6. Visiere of teleskope**

6.1 ŉ Laser wat op die teiken projekteer word nie toegelaat nie.

6.2 Die volgende visiertipes word toegelaat:

 Elektroniese optiese visier  Gaatjievisier  Oop visier  Teleskoop

**7. Skietprosedure**

7.1 Die volgende addisionele reëls en reëlings is van toepassing by hierdie SAJWV Junior skietoefeninge:

7.1.1 **“Junior skietoefeninge: Universele Reëls”**

7.1.2 **“Junior skietoefeninge: Standaardbevele”**

7.1.3 **“Skietbaan Veiligheidsreëls”**

7.2 **Oog- en oorbeskerming** moet gebruik word tydens die uitvoering van die skietoefening

7.3 Proefskote: Verwys na “Universele Reëls by Junior skietoefeninge”, item 10 vir die spesifieke reëls vir proefskote.

7.4 Veiligheid: die geweer se loop moet te alle tye in ŉ veilige rigting (rigting van die teiken) wys tydens alle herlaai-aksies of storings, en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees totdat die visiere op die teiken is.

**8. Skietoefening**

8.1 Tydsbeperking: **5 minute per oefening van 5 skote**

8.2 Skietoefeninge - item verwysings vir skietposisies hieronder verwys na die dokument

**“**Junior skietoefeninge: Universele Reëls”:

8.3 **Veerluggeweer:**

8.3.1 Oefening 1: Vanaf **15 meter** vuur **5 skote** vanuit die sitposisie met beperkte ondersteuning slegs voor (verwys na item 22.2.2).

8.3.2 Oefening 2: **Herhaal oefening 1.**

8.3.3 Oefening 3: Vanaf **10 meter** vuur **5 skote** vanuit die staanposisie met beperkte ondersteuning slegs voor (verwys na item 22.4.2)

8.4 Tellingberekening: Slegs skote op die A, B en C diagramme van die S03 teiken word getel. Die maksimum-telling wat behaal kan word is:

8.4.1 op streekvlak: 150: een teiken, drie teldiagramme x 5 skote x 10 punte =

150 punte totaal) en

8.4.2 op nasionale vlak: 300: twee teikens, ses teldiagramme x 5 skote x 10 punte =

300 punte totaal

**9.** **Teiken:** Teiken S03 streek- en nasionale skietkompetisies - Teikengrootte A3 (29.5cm x 42cm)




## 10. Tellingadministrasie

ʼn Erkende SAJWV-skietkoördineerder moet die tellings via die tablet na die nasionale kantoor se databasis stuur. Kwalifiserende skuts in hierdie sportskietoefening kan lapkentekens by die skietverteenwoordiger aanvra.

## 11. Lapkentekens

Brons: 90 uit 150 (60%)
Silwer: 105 uit 150 (70%)
Goud: 120 uit 150 (80%)

# JUNIORS (ONDER 13 JAAR)

## VEERLUGGEWEER: 15M (JB01-A)

## DRUKLUGGEWEER: 15M, 20M EN 25M (JB01-B)

## RANDSLAG: 15M, 25M EN 50M (JB01-C)

<table>
<tr><th colspan="2">MEDALJES</th></tr>
<tr><th>STREEK</th><th>NASIONAAL</th></tr>
<tr><td>
</td><td>
</td></tr>
<tr><td>
</td><td>
</td></tr>
<tr><td>
</td><td>
</td></tr>
</table>

**1. Inleiding**

Die doel van hierdie skietoefening is om aan juniors jonger as 13 jaar die geleentheid te bied om aan gestruktureerde skietoefeninge binne die SAJWV deel te neem en op gelyke basis mee te ding. Veilige wapenhantering en basiese skietposisies word beklemtoon in die skietoefening.

**2. Streekvlak**

Om te kwalifiseer vir SAJWV streek sportskietkleure moet ‘n junior aan ten minste een streekskietkompetisie deelneem en die kwalifiserende skietoefening <u>eenkeer</u> skiet by ’n geregistreerde SAJWV streekskietkompetisie en ‘n minimum telling van 135 uit 150 (90%) behaal.

**3. Nasionale vlak**

3.1 Deelname: ‘n Junior wat op streekvlak aan ‘n geregistreerde sportskietoefeninge van die SAJWV deelgeneem het, en die Top 50 streekranglys haal, word na die nasionale juniorkampioenskappe genooi om deel te neem in die skietoefening waarin hy/sy gekwalifiseer het.

3.2 Kleure: Deelnemers moet die skietoefening <u>tweekeer</u> skiet en indien ’n minimum telling van 120 uit 150 punte (80%) per oefening en ‘n minimum totale telling van 255 uit 300 punte (85%) vir die twee oefeninge gesamentlik behaal word, verwerf die skut:

3.2.1 SAJWV nasionale sportskietkleure: indien streekkleure vir die betrokke jaar reeds verwerf is;

3.2.2 SAJWV streek sportskietkleure: Indien streekkleure nie reeds vir die betrokke jaar verwerf is nie.

**4. Ouderdom**

Om te kwalifiseer as ’n junior (O/13) moet die junior op 1 Januarie nog nie 13 jaar oud wees nie en mag dan vir die res van die betrokke jaar deelneem aan die junior (O/13) skietoefening. ‘n Junior (o/13) mag slegs in sy ouderdomsgroep deelneem.

## 5. Vuurwapentipe, kalibers en ammunisie



### 5.1 Veerluggeweer (JB01-A)

Vir hierdie skietoefening word veerluggewere van 4.5mm tot 5,5mm toegelaat.



### 5.2 Drukluggeweer (JB01-B)

Vir hierdie skietoefening word drukluggewere van 4.5mm tot 5,5mm toegelaat.



### 5.3 Randslaggeweer (JB01-C)

Vir die skietoefening word enige tipe aksie .22 LR randslaggeweer toegelaat.



### 5.4 Randslagammunisie (.22LR)

Net .22 lank of .22 kort randslagammunisie tot ‘n maksimum van 1100 voet per sekonde koeëlsnelheid word toegelaat.



## 6. Visiere en teleskope

6.1 ʼn Laser wat op die teiken projekteer word nie toegelaat nie.

6.2 Die volgende visiertipes word toegelaat:

 Elektroniese optiese visier

 Gaatjievisier

 Oop visier

 Teleskoop

## 7. Skietprosedure

7.1 Die volgende addisionele reëls en reëlings is van toepassing by hierdie SAJWV Junior skietoefeninge:

7.1.1 **“Junior skietoefeninge: Universele Reëls”**

7.1.2 **“Junior skietoefeninge: Standaardbevele”**

7.1.3 **“Skietbaan Veiligheidsreëls”**

7.2 Oog- en oorbeskerming moet gebruik word tydens die uitvoering van die skietoefening

7.3 Proefskote: Verwys na “Junior skietoefeninge: Universele Reëls”, item 10 vir die spesifieke reëls vir proefskote.

7.4 Veiligheid: die geweer se loop moet te alle tye in ʼn veilige rigting (rigting van die teiken) wys tydens alle herlaai-aksies of storings, en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees totdat die visiere op die teiken is**.**

**8. Skietoefeninge;**

| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Tydsbeperking: | **5 minute per oefening van 5 skote** |
| 8.2 | Skietoefeninge | - item verwysings vir skietposisies hieronder verwys na die dokument **"**Universele Reëls by Junior skietoefeninge**"**: |
| **8.3** | **Veerluggeweer:** | |
| 8.3.1 | Oefening 1: | Vanaf **15 meter** vuur **5 skote** vanuit die sitposisie met beperkte ondersteuning slegs voor (verwys na item 22.2.2) |
| 8.3.2 | Oefening 2: | Vanaf **15 meter** vuur **5 skote** vanuit die knielposisie met beperkte ondersteuning slegs voor (verwys na item 22.3.2) |
| 8.3.3 | Oefening 3: | Vanaf **15 meter** vuur **5 skote** vanuit die staanposisie met beperkte ondersteuning slegs voor (verwys na item 22.4.2) |
| **8.4** | **Drukluggeweer**: | |
| 8.4.1 | Oefening 1: | Vanaf **25 meter** vuur **5 skote** vanuit die lêposisie met beperkte ondersteuning slegs voor (verwys na item 22.1.1) |
| 8.4.2 | Oefening 2: | Vanaf **20 meter** vuur **5 skote** vanuit die knielposisie met beperkte ondersteuning slegs voor) verwys na item 22.3.2) |
| 8.4.3 | Oefening 3: | Vanaf **15 meter** vuur **5 skote** vanuit die staanposisie met beperkte ondersteuning slegs voor (verwys na item 22.4.2) |
| **8.5** | **Randslaggeweer**: | |
| 8.5.1 | Oefening 1: | Vanaf **50 meter** vuur **5 skote** vanuit die lêposisie met beperkte ondersteuning slegs voor (verwys na item 22.1.1) |
| 8.5.2 | Oefening 2: | Vanaf **25 meter** vuur **5 skote** vanuit die sitposisie met beperkte ondersteuning slegs voor (verwys na item 22.2.2) |
| 8.5.3 | Oefening 3: | Vanaf **15 meter** vuur **5 skote** vanuit die staanposisie met beperkte ondersteuning slegs voor (verwys na item 22.4.2) |
| **8.6** | **Tellingberekening**: | Slegs skote op die A, B en C diagramme van die S03 teiken word getel. Die maksimum-telling wat behaal kan word is: |
| 8.6.1 | op streekvlak: | 150: <u>een teiken</u>, drie teldiagramme x 5 skote x 10 punte = 150 punte totaal) en |
| 8.6.2 | op nasionale vlak: | 300<u>: twee teikens</u>, ses teldiagramme x 5 skote x 10 punte = 300 punte totaal |

**9.** **Teiken:** Teiken S03 streek- en nasionale skietkompetisies –

Teikengrootte A3 (29.5cm x 42cm)



**10. Tellingadministrasie**

ŉ Erkende SAJWV-skietkoördineerder moet die tellings via die tablet na die nasionale kantoor se databasis stuur. Kwalifiserende skuts in hierdie sportskietoefening kan lapkentekens by die skietverteenwoordiger aanvra.

**11. Lapkentekens**

Brons: 90 uit 150 (60%)
Silwer: 105 uit 150 (70%)
Goud: 120 uit 150 (80%)

# JUNIORS (ONDER 16 JAAR)

## VEERLUGGEWEER: 15M (JD01:A)

## DRUKLUGGEWEER: 15M, 20M EN 25M (JD01:B)

## RANDSLAG: 15M, 25M EN 50M (JD01:C)

| MEDALJES | |
|---|---|
| **STREEK** | **NASIONAAL** |
|   |   |
|   |   |
|   |   |

**1. Inleiding**

Die doel van hierdie skietoefening is om aan juniors jonger as 16 jaar die geleentheid te bied om aan gestruktureerde skietoefeninge binne die SAJWV deel te neem en op gelyke basis mee te ding. Veilige wapenhantering en basiese skietposisies word beklemtoon in die skietoefening.

**2. Streekvlak**

Om te kwalifiseer vir SAJWV streek sportskietkleure moet ‘n junior aan ten minste een streekskietkompetisie deelneem en die kwalifiserende skietoefening <u>eenkeer</u> skiet by ’n geregistreerde SAJWV streekskiet-kompetisie en ‘n minimum telling van 135 uit 150 (90%) behaal.

**3. Nasionale vlak**

3.1 Deelname: ‘n Juniors wat op streekvlak aan ‘n geregistreerde sportskietoefeninge van die SAJWV deelgeneem het, en die Top 50 streekranglys haal, word na die nasionale juniorkampioenskappe genooi om deel te neem in die skietoefening waarin hy/sy gekwalifiseer het.

3.2 Kleure: Deelnemers moet die skietoefening <u>tweekeer</u> skiet en indien ’n minimum telling van 120 uit 150 punte (80%) per oefening en ‘n minimum totale telling van 255 uit 300 punte (85%) vir die twee oefeninge gesamentlik behaal word, verwerf die skut:

3.2.1 SAJWV nasionale sportskietkleure: indien streekkleure vir die betrokke jaar reeds verwerf is;

3.2.2 SAJWV streek sportskietkleure: Indien streekkleure nie reeds vir die betrokke jaar verwerf is nie.

**4. Ouderdom**

Om te kwalifiseer as ’n junior (O/16) moet die junior op 1 Januarie nog nie 16 jaar oud wees nie en mag dan vir die res van die betrokke jaar deelneem aan die junior (O/16) skietoefening. ‘n Junior (o/16) mag slegs in sy ouderdomsgroep deelneem.

## 5. Gewere en kalibers



### 5.1 Veerluggeweer (JD01:A)

Vir hierdie skietoefening is veerluggewere van 4.5mm tot 5,5mm toegelaat.



### 5.2 Drukluggeweer (JD01:B)

Vir hierdie skietoefening is drukluggeweer van 4.5mm tot 5,5mm toegelaat.



### 5.3 Randslag (JD01:C)

Vir hierdie skietoefening word enige tipe aksie .22 LR randslag geweer toegelaat.



### 5.4 Randslagammunisie (.22LR)

Net .22 lank of .22 kort randslagammunisie tot ‘n maksimum van 1100 voet per sekonde koeëlsnelheid word toegelaat.



## 6. Visiere of teleskope

6.1 ʼn Laser wat op die teiken projekteer word nie toegelaat nie.

6.2 Die volgende visiertipes word toegelaat:

 Elektroniese optiese visier

 Gaatjievisier

 Oop visier

 Teleskoop

## 7. Skietprosedure

7.1 Die volgende addisionele reëls en reëlings is van toepassing by hierdie SAJWV Junior skietoefeninge:

7.1.1 **“Junior skietoefeninge: Universele Reëls”**

7.1.2 **“Junior skietoefeninge: Standaardbevele”**

7.1.3 **“Skietbaan Veiligheidsreëls”**

7.2 Oog- en oorbeskerming moet gebruik word tydens die uitvoering van die skietoefening

7.3 Proefskote: Verwys na “Junior skietoefeninge: Universele Reëls”, item 10 vir die spesifieke reëls vir proefskote.

7.4 Veiligheid: die geweer se loop moet te alle tye in ʼn veilige rigting (rigting van die teiken) wys tydens alle herlaai-aksies of storings, en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees totdat die visiere op die teiken is.

**8. Skietoefeninge:**

8.1 Tydsbeperking: **5 minute per oefening van 5 skote**

8.2 Skietoefeninge - item verwysings vir skietposisies hieronder verwys na die dokument **"**Universele Reëls by Junior skietoefeninge**"**:

8.3 **Veerluggeweer:**

8.3.1 Oefening 1: Vanaf **15 meter** vuur **5 skote** vanuit die sitposisie met beperkte ondersteuning slegs voor (verwys na item 22.2.2)

8.3.2 Oefening 2: Vanaf **15 meter** vuur **5 skote** vanuit die knielposisie met beperkte Ondersteuning slegs voor (verwys na item 22.3.2)

8.3.3 Oefening 3: Vanaf **15 meter** vuur **5 skote** vanuit die vryhand staanposisie sonder enige bykomende ondersteuning (verwys na item 22.4.1)

8.4 **Drukluggeweer:**

8.4.1 Oefening 1: Vanaf **25 meter** vuur **5 skote** vanuit die lêposisie met beperkte ondersteuning slegs voor (verwys na item 22.1.1).

8.4.2 Oefening 2: Vanaf **20 meter** vuur **5 skote** vanuit die knielposisie met beperkte ondersteuning slegs voor (verwys na item 22.3.2)

8.4.3 Oefening 3: Vanaf **15 meter** vuur **5 skote** vanuit die vryhand staanposisie sonder enige bykomende ondersteuning (verwys na item 22.4.1)

8.5 **Randslaggeweer**:

8.5.1 Oefening 1: Vanaf **50 meter** vuur **5 skote** vanuit die lêposisie met beperkte ondersteuning slegs voor (verwys na item 22.1.1).

8.5.2 Oefening 2: Vanaf **25 meter** vuur **5 skote** vanuit die sitposisie met beperkte ondersteuning slegs voor (verwys na item 22.2.2)

8.5.3 Oefening 3: Vanaf **15 meter** vuur **5 skote** vanuit die vryhand staanposisie sonder enige bykomende ondersteuning slegs (verwys na item 22.4.1)

**8.6 Tellingberekening**: Slegs skote op die A, B en C diagramme van die S03 teiken word getel. Die maksimum-telling wat behaal kan word is:

8.6.1 op streekvlak: 150: een teiken, drie teldiagramme x 5 skote x 10 punte = 150 punte totaal) en

8.6.2 op nasionale vlak: 300: twee teikens, ses teldiagramme x 5 skote x 10 punte = 300 punte totaal

**9.** **Teiken:** Teiken S03 streek- en nasionale skietkompetisies - Teikengrootte A3 (29.5cm x 42cm)




## 10. Tellingadministrasie

ŉ Erkende SAJWV-skietkoördineerder moet die tellings via die tablet na die nasionale kantoor se databasis stuur. Kwalifiserende skuts in hierdie sportskietoefening kan lapkentekens by die skietverteenwoordiger aanvra.

## 11. Lapkentekens

Brons: 90 uit 150 (60%)

Silwer: 105 uit 150 (70%)

Goud: 120 uit 150 (80%)

# JUNIORS (ONDER 18 JAAR)

## VEERLUGGEWEER: 15M (JC01:A)

## DRUKLUGGEWEER: 15M, 20M EN 25M (JC01:B)

## RANDSLAG: 15M, 25M EN 50M (JC01:C)

| MEDALJES | |
|---|---|
| **STREEK** | **NASIONAAL** |
|   |   |
|   |   |
|   |   |

**1. Inleiding**

Die doel van hierdie skietoefening is om aan juniors jonger as 18 jaar die geleentheid te bied om aan gestruktureerde skietoefeninge binne die SAJWV deel te neem en op gelyke basis mee te ding. Veilige wapenhantering en basiese skietposisies word beklemtoon in die skietoefening.

**2. Streekvlak**

Om te kwalifiseer vir SAJWV streek sportskietkleure moet ‘n junior aan ten minste een streekskietkompetisie deelneem en die kwalifiserende skietoefening eenkeer skiet by ’n geregistreerde SAJWV streekskietkompetisie en ‘n minimum telling van 135 uit 150 (90%) behaal.

**3. Nasionale vlak**

3.1 Deelname: ‘n Juniors wat op streekvlak aan ‘n geregistreerde sportskietoefeninge van die SAJWV deelgeneem het, en die Top 50 streekranglys haal, word na die nasionale juniorkampioenskappe genooi om deel te neem in die skietoefening waarin hy/sy gekwalifiseer het.

3.2 Kleure: Deelnemers moet die skietoefening tweekeer skiet en indien ’n minimum telling van 120 uit 150 punte (80%) per oefening en ‘n minimum totale telling van 255 uit 300 punte (85%) vir die twee oefeninge gesamentlik behaal word, verwerf die skut:

3.2.1 SAJWV nasionale sportskietkleure: indien streekkleure vir die betrokke jaar reeds verwerf is;

3.2.2 SAJWV streek sportskietkleure: indien streekkleure nie reeds vir die betrokke jaar verwerf is nie.

**4. Ouderdom**

Om te kwalifiseer as ’n junior (O/18) moet die junior op 1 Januarie nog nie 18 jaar oud wees nie en mag vir die res van die betrokke jaar deelneem aan die junior (O/18) skietoefening. ‘n Junior (o/18) mag slegs in sy ouderdomsgroep deelneem.

**5. Gewere en kalibers**



**5.1 Veerluggeweer** (JC01:A)

Vir hierdie skietoefening is veerluggewere van 4.5mm tot 5,5mm toegelaat.

**5.2 Drukluggeweer** (JC01:B)

Vir hierdie skietoefening is drukluggeweer van 4.5mm tot 5,5mm toegelaat.

**5.3 Randslag** (JC01:C)

Vir die skietoefening word enige tipe aksie .22 LR randslag geweer toegelaat.

**5.4 Randslagammunisie (.22LR)**

Net .22 lank of .22 kort randslagammunisie tot ‘n maksimum van 1100 voet per sekonde koeëlsnelheid word toegelaat.

**6. Visiere of teleskope**

6.1 ŉ Laser wat op die teiken projekteer word nie toegelaat nie.

6.2 Die volgende visiertipes word toegelaat:

 Elektroniese optiese visier

 Gaatjievisier

 Oop visier

 Teleskoop

**7. Skietprosedure**

7.1 Die volgende addisionele reëls en reëlings is van toepassing by hierdie SAJWV Junior skietoefeninge:

7.1.1 **“Junior skietoefeninge: Universele Reëls”**

7.1.2 **“Junior skietoefeninge: Standaardbevele”**

7.1.3 **“Skietbaan Veiligheidsreëls”**

7.2 Oog- en oorbeskerming moet gebruik word tydens die uitvoering van die skietoefening

7.3 Proefskote: Verwys na “Junior skietoefeninge: Universele Reëls”, item 10 vir die spesifieke reëls vir proefskote.

7.4 Veiligheid: die geweer se loop moet te alle tye in ŉ veilige rigting (rigting van die teiken) wys tydens alle herlaai-aksies of storings, en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees totdat die visiere op die teiken is.

**8. Skietoefeninge;**

8.1 Tydsbeperking: **5 minute per oefening van 5 skote**

8.2 Skietoefeninge - item verwysings vir skietposisies hieronder verwys na die dokument **“**Universele Reëls by Junior skietoefeninge**”**:

8.3 **Veerluggeweer:**

8.3.1 Oefening 1: Vanaf **15 meter** vuur **5 skote** vanuit die vryhand sitposisie sonder enige bykomende ondersteuning (verwys na item 22.2.1)

8.3.2 Oefening 2: Vanaf **15 meter** vuur **5 skote** vanuit die vryhand knielposisie sonder enige bykomende ondersteuning (verwys na item 22.3.1)

8.3.3 Oefening 3: Vanaf **15 meter** vuur **5 skote** vanuit die vryhand staanposisie sonder enige bykomende ondersteuning (verwys na item 22.4.1)

8.4 **Drukluggeweer:**

8.4.1 Oefening 1: Vanaf **25 meter** vuur **5 skote** vanuit die lêposisie met beperkte ondersteuning slegs voor (verwys na item 22.1.1)

8.4.2 Oefening 2: Vanaf **20 meter** vuur **5 skote** vanuit die vryhand knielposisie sonder enige bykomende ondersteuning (verwys na item 22.3.1)

8.4.3 Oefening 3: Vanaf **15 meter** vuur **5 skote** vanuit die vryhand staanposisie sonder enige bykomende ondersteuning (verwys na item 22.4.1)

8.5 **Randslaggeweer:**

8.5.1 Oefening 1: Vanaf **50 meter** vuur **5 skote** vanuit die lêposisie met beperkte ondersteuning slegs voor (verwys na item 22.1.1)

8.5.2 Oefening 2: Vanaf **25 meter** vuur **5 skote** vanuit die vryhand sitposisie sonder enige bykomende ondersteuning (verwys na item 22.2.1)

8.5.3 Oefening 3: Vanaf **15 meter** vuur **5 skote** vanuit die vryhand staanposisie sonder enige bykomende ondersteuning slegs (verwys na item 22.4.1)

**8.6** **Tellingberekening**: Slegs skote op die A, B en C diagramme van die S03 teiken word getel. Die maksimum-telling wat behaal kan word is:

8.6.1 op streekvlak: 150: een teiken, drie teldiagramme x 5 skote x 10 punte = 150 punte totaal) en

8.6.2 op nasionale vlak: 300: twee teikens, ses teldiagramme x 5 skote x 10 punte = 300 punte totaal

**9.** **Teiken:** **Teiken S03 streek- en nasionale skietkompetisies – Teikengrootte A3 (29.5cm x 42cm)**




## 10. Tellingadministrasie

ŉ Erkende SAJWV-skietkoördineerder moet die tellings via die tablet na die nasionale kantoor se databasis stuur. Kwalifiserende skuts in hierdie sportskietoefening kan lapkentekens by die skietverteenwoordiger aanvra.

## 11. Lapkentekens

| | |
|---|---|
| Brons: | 90 uit 150 (60%) |
| Silwer: | 105 uit 150 (70%) |
| Goud: | 120 uit 150 (80%) |

# IGRF PRESISIE (25M) (ONDER 25 JAAR)

## 25M PRESISIE KLEINKALIBER (SI01)

| MEDALJES | |
|---|---|
| **STREEK** | **NASIONAAL** |
|  |  |

**1. Inleiding**

Die IGRF presisie 25m en 50m oefeninge is internasionaal erkende IGRF-skietoefeninge wat deur lidlande (Suid-Afrika, Australië, Engeland, Ierland, Zimbabwe en Duitsland) by internasionale byeenkomste geskiet word.

**Die Raad van die IGRF het die 25m presisie skietoefening gekies as ontwikkelingskietoefening wat juniors op 25m met 'n drukluggeweer of 'n randslaggeweer kan skiet**. Hierdie opsie maak ekonomiese oefening en ontwikkeling moontlik. Die IGRF ken ook federasie skietkleure toe aan ontwikkelende skuts wat die IGRF kwalifiserende doelwitte bereik.

Die 50m presisie skietoefening is een van die internasionale oefeninge vir die IGRF wêreldkampioenskap wat as aanmoediging dien vir juniors om daaraan deel te neem.

**2. Streekvlak**

Om te kwalifiseer vir SAJWV streek sportskietkleure moet 'n junior aan ten minste een streekskietkompetisie deelneem en die kwalifiserende skietoefeninge skiet by 'n geregistreerde SAJWV streekskietkompetisie in 25m kleinkaliber en 'n minimum telling van 240 uit 300 punte (80%) behaal.

**3. Nasionale vlak**

3.1 Deelname: Juniors wat op streekvlak aan SAJWV se geregistreerde streek sportskietoefeninge van die SAJWV deelgeneem het en die Top 50 IGRF Presisie onder 25 jaar Kleinkaliber ranglys haal, sal volgens die streekranglys na die SAJWV nasionale juniorkampioenskappe genooi word om deel te neem in die skietoefening waarin hy/sy gekwalifiseer het.

3.2 Kleure: Deelnemers wat tydens die nasionale sportskietkampioenskappe die kriteria soos vir streekkleure hierbo uiteengesit behaal, verwerf:

3.2.1 SAJWV nasionale sportskietkleure: indien hy/sy reeds streekkleure vir die betrokke jaar verwerf het;

3.2.2 SAJWV streek sportskietkleure: indien die skut nie reeds streekkleure vir die betrokke jaar verwerf het nie.

**4. Ouderdom**

Om te kwalifiseer as 'n junior (0/25) volgens die IGRF reëls moet die skut op 1 Januarie nog nie 25 jaar oud wees nie en mag dan vir die res van die betrokke jaar deelneem aan die junior (o/25) skietoefening. Skuts moet minstens 12 jaar oud wees.

**5. Gewere en kalibers**

**5.1 Drukluggeweer: [Lug / Co2] – (SI01)**



**5.2 22 RL Randslagwapens: (aksie onbeperk) – (SI01 en SI03)**



Ruger 10-22



Smith & Wesson M&P 15-22



.22 LR Randslag grendelaksie

**5.3 Randslagammunisie :** Slegs .22 LR en .22 kort randslag ammunisie word toegelaat.

**6. Visiere, teleskope, verkykers en s*potting scopes***

6.1 'n Laser wat op die teiken projekteer word nie toegelaat nie.

6.2 Die volgende visiertipes word toegelaat:

 Elektroniese optiese visier

 Gaatjievisier

 Oop visier

 Teleskoop

6.3 Skuts mag verkykers en *spotting scopes* gebruik om skootplasing te bepaal en visier/teleskoop verstellings mag gemaak word gedurende die skietoefening. Geen skuts gaan gedurende die skietoefening vorentoe om teikens te inspekteer nie.

6.4 Geen helpers of afrigting word toegelaat op die skietpunt nie.

**7. Toerusting wat nie toegelaat word nie**

7.1 Geweerbande

7.2 Skiethandskoene

7.3 Kolfhakke



Kolfhakke wat addisionele ondersteuning bied, word toegelaat nie

**8. Skietoefening:**

8.1 Die Baanoffisier of tydhouer neem die tyd met 'n stophorlosie

8.2 Tydperk vir skietoefeninge en rusperiodes: Daar word 5 minute toegelaat vir die proefskote, 5 minute elkeen vir die 3 reekse van 10 telskote elkeen en 5 minute rusperiodes. Hierdie tyd kan verkort word mits al die skuts aangedui het dat hulle gereed is om voort te gaan. Hierdie reël het die doel om onnodige verspeling van tyd op die skietpunt, te beperk.

8.3 Oog- en oorbeskerming moet gebruik word tydens die uitvoering van die skietoefening

8.4 Afstand: 25m

8.5 Aantal skote: 30 skote in 3 reeks van 10 skote elk in 5 minute

8.6 Skietposisie: Vryhand staan, sonder enige bykomende ondersteuning

8.7 'n Tafel vir die skut se geweer/toerusting word sterk aanbeveel

8.8 Veiligheid: die geweer se loop moet te alle tye in 'n veilige rigting (rigting van die teiken) wys tydens alle herlaai-aksies of storings, en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees totdat die visiere op die teiken is.

**9. 25M PRESISIE KLEINKALIBER (SI01) – Skietoefening en bevele:**

9.1 Voorbereiding

- **Bevel 1:** "*Skuts na die skietpunt, gewere bly in sakke of tasse tot verdere bevele*"
- **Bevel 2:** "*Die baan is gesluit (toe)*"
- **Bevel 3:** "*Haal uit, verklaar en wys veilig*"
  - Op die Baanoffisier se bevel, haal die skut die geweer uit met die loop te alle tye na die teiken gerig en wys aan die Baanoffisier dat dit veilig is en plaas dit op die tafel.

    Grendelaksie gewere: grendel oop, die magasyn verwyder of leeg vir 'n integrale magasyn en geen patrone in die kamer nie. Moderne Sportskietgewere (semi-outomaties): maak die aksie oop, laat dit in die oop posisie en wys dat die kamer en magasyn leeg is - haal die magasyn uit indien dit verwyderbaar is.
  - Die skut neem stelling in agter die tafel by die skietpunt

- Die baanoffisier beklemtoon dat die geweer se loop te alle tye in 'n veilige rigting (rigting van die teiken) moet wys tydens alle herlaai-aksies of storings, en dat die snellervinger altyd buite die snellerbeuel moet wees totdat die visiere op die teiken is;

- **Skietoefening**; Die Baanoffisier verduidelik die skietoefening aan die skuts:
  - skuts kry 5 minute vir onbeperkte proefskote op die inskietdiagramme links en regs bo op die teiken;
  - Die skietoefening bestaan uit 30 telskote in 3 reekse van 10 skote elkeen, elke reeks in 5 minute uit die vryhand staanposisie met geen bykomende ondersteuning nie
  - 5 minute rusperiode tussen proefskote en reekse skote
  - verkykers of *spotting scopes* mag gebruik word om skootplasing te bepaal en verstellings mag gemaak word gedurende die skietoefening
  - Geen skuts gaan vorentoe om teikens te inspekteer nie
- **Bevel 4:** *"Neem skietposisie in"*
- **Bevel 5:** *"Oog- en gehoorbeskerming"*

9.2 Proefskote: "*Skuts het 5 minute tyd vir onbeperkte proefskote:"*

- **Bevel 6:** "*Laai en maak gereed*" (magasyne gelaai, maar aksie bly oop)
- **Bevel 7***: "Is almal gereed?" ?"* (indien 'n skut nie gereed is nie, word *"nie gereed"* uitgeroep en die skut kry addisionele tyd om gereed te maak)
- **Bevel 8**: Die Baanoffisier roep weer uit: *'is almal gereed"* (indien geen terugvoer nie, word aanvaar almal is gereed)
- **Bevel 9:** "*Almal is gereed – staan by"*

  **Gereedposisie:** Vryhand staanposisie met die geweer in die skouer, magasyne gelaai, maar die aksie bly oop
- **Bevel 10***: "Vuur!"*
  - Met die geweer gerig op die teiken, die skut sluit die aksie en skiet 'n onbeperkte aantal proefskote in 5 minute
- **Na 5 minute tydsverloop**
- **Bevel 11**: "*Stop!"*
- **Bevel 12***: "Ontlaai, maak veilig"*
  - Die skut ontlaai die geweer, plaas dit voor hom op die tafel en verklaar "*veilig*". Grendelaksie gewere: grendel oop, die magasyn verwyder of leeg vir 'n integrale magasyn en geen patrone in die kamer nie. Moderne Sportskietgewere (semi-outomaties): aksie oop, laat dit in die oop posisie en wys dat die kamer en magasyn leeg is - haal die magasyn uit indien dit verwyderbaar is.
  - Die skut bly in posisie agter die tafel by die skietpunt.
- **Vyf minuut rusperiode –** verwyderbare magasyne mag nou gelaai word, maar word eenkant gehou en nie in wapens geplaas nie. Slegs op bevel van die Baanoffisier mag magasyne in gewere geplaas word.

9.3 <u>Eerste reeks</u> van 10 telskote: *Skuts se eerste reeks van 10 telskote in 5 minute*"

- **Bevel 5:** *"Oog- en gehoorbeskerming"*
- **Bevel 6***: "Laai en maak gereed"* (magasyne gelaai, maar aksie bly oop)
- **Bevel 7***: "Is almal gereed?" ?"* (indien 'n skut nie gereed is nie, word *"nie gereed"* uitgeroep en die skut kry addisionele tyd om gereed te maak)
- **Bevel 8**: Die Baanoffisier roep weer uit: *'is almal gereed"* (indien geen terugvoer nie, word aanvaar almal is gereed)
- **Bevel 9***: "Almal is gereed. Staan by"*

  **Gereedposisie:** Vryhand staanposisie met die geweer in die skouer, magasyn gelaai, maar die aksie bly oop
- **Bevel 10***: "Vuur!"*
  - Met die geweer gerig op die teiken, die skut sluit die aksie en skiet 10 skote in 5 minute
- **5 minute tydsverloop**
- **Bevel 11***: "Stop!"*
- **Bevel 12***: "Ontlaai, maak veilig"*
  - Herhaling van die prosedure hierbo – bevel 12 van proefskote
  - Die skut bly in posisie agter die tafel by die skietpunt.
- **5 minute rusperiode:** verwyderbare magasyne mag nou gelaai word, maar word eenkant gehou en nie in wapens geplaas nie. Slegs op bevel van die Baanoffisier mag magasyne in gewere geplaas word.

9.4 <u>Tweede reeks</u> skote van 10 telskote in 5 minute op diagram B gaan begin

- Herhaal skietoefening en bevele soos by 9.3

9.5 <u>Derde reeks</u> skote van 10 telskote in 5 minute op diagram C gaan begin

- Herhaal skietoefening en bevele soos by 9.3 plus
- **Bevel 13***: "Stop"*
- **Bevel 14***: "Ontlaai, maak veilig"*
  - Die skut ontlaai die geweer, plaas dit voor hom op die tafel en verklaar "*veilig*". Grendelaksie gewere: grendel oop, die magasyn verwyder of leeg vir 'n integrale magasyn en geen patrone in die kamer nie. Moderne Sportskietgewere (semi-outomaties): sluitstuk oop, laat dit in die oop posisie en wys dat die kamer en magasyn leeg is - haal die magasyn uit indien dit verwyderbaar is.
  - Die skut bly in posisie agter die tafel by die skietpunt.
- **Bevel 15:** *"Wys veilig"*
  - Die Baanoffisier bevestig dat die wapen veilig is
- **Bevel 16**: "*pak weg"*
- **Bevel 17: "***Die baan is veilig, tel doppies op en ontruim die skietpunt"*

9.6 **Tellingberekening:** Slegs skote op die A, B en C teldiagramme van die teikens geskiet, word getel. Die maksimum telling wat behaal kan word is 'n totaal van 300 punte (3 telkaarte, 10 skote per kaart - 3 telkaarte x 10 skote x 10 punte = 300 punte totaal)

**10. Teikens:**

10.1 Teiken S03: Streek- en nasionale skietkompetisies - Teikengrootte A3 (29.5cm x 42cm)

**25M PRESISIE KLEINKALIBER (SI01) – Randslag- en Drukluggeweer**



**11. Tellingadministrasie**

'n Erkende SAJWV-skietkoördineerder moet die tellings via die tablet na die nasionale kantoor se databasis stuur. Kwalifiserende skuts in hierdie sportskietoefening kan lapkentekens by die skietverteenwoordiger aanvra wat dit by die nasionale kantoor bestel.

**12. Lapkentekens**

Brons: 180 uit 300 (60%)

Silwer: 210 uit 300 (70%)

Goud: 240 uit 300 (80%)